GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# KONTROLE TOETS 2

# SEPTEMBER 2022

| | | |
|---|---|---|
| **VAK** | **:** | **GEOGRAFIE** |
| **GRAAD** | **:** | **10** |
| **TERMYN** | **:** | **DRIE** |
| **TYD** | **:** | **EEN UUR** |
| **EKSAMINATOR** | **:** | **SEDIBENG OOS** |
| **MODERATOR** | **:** | **GAUTENG WES** |
| **VERTALING** | **:** | **SEDIBENG OOS** |
| **TOTALE PUNTE** | **:** | **60** |


**Die vraestel bestaan uit 8 bladsye**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Die vraestel bestaan uit ses onderafdelings
2. Beantwoord al die vrae vir 60 punte
3. Al die diagramme en bronne is op die vraestel ingesluit
4. Los asseblief n spasie oop na elke vraag
5. Nommer die vrae volgens die vraagnommers op die vraestel
6. Moet asseblief nie in die kantlyn van die antwoordblad skryf nie
7. Paragraafvrae moet asb. in vol sinne beantwoord word
8. Skryf netjies en leesbaar

1.1 Verwys na die twee piramides hieronder wat die bevolking van 'n land voorstel en kies tussen piramides **A** en **B** uit KOLOM B wat die korrekte beskrywing vir die stelling in KOLOM A gee. Skryf slegs Piramide A of Piramide B langs die vraagnommers (1.1. 1 tot 1.1.7) op die antwoordeblad, bv. 1.1.8 Piramide B.

**BRON 1**




[Bron: Google Image]

| | KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|---|
| 1.1.1 | Die piramide wat die land met die hoogste geboorte- en sterftesyfer voorste,l is ... | Piramide A<br>Piramide B |
| 1.1.2 | Die piramide wat die land met die stadigste bevolkingsgroei voorstel, is ... | Piramide A<br>Piramide B |
| 1.1.3 | Die piramide wat die land met die laagste lewensverwagting voorstel, is ... | Piramide A<br>Piramide B |
| 1.1.4 | Die piramide wat die land met die grootste hoeveelheid bejaarde mense (ou bevolking) voorstel, is ... | Piramide A<br>Piramide B |
| 1.1.5 | Die piramide wat 'n ontwikkelende land voorstel, is ... | Piramide A<br>Piramide B |
| 1.1.6 | Die piramide wat die land met die beste mediese infrastruktuur voorstel, is ... | Piramide A<br>Piramide B |
| 1.1.7 | Die piramide wat 'n land met 'n gesonde arbeidsmag verteenwoordig, is ... | Piramide A<br>Piramide B |

(7 x 1) (7)

1.2 Verwys na die gegewe stellings en bepaal of die volgende faktore `n digte bevolking of verspreide bevolking voorstel. Skryf slegs die vraagnommer en keusewoord neer, bv. 1.2.9 ryk

1.2.1 Bergagtige gebiede bv. Drakensberg sal lei tot 'n (digte/verspreide) bevolking.

1.2.2 Gematigde klimate bv. kusdorpe sal lei tot 'n (digte/verspreide) bevolking.

1.2.3 Plat grasvelde bv. die hoëveld sal lei tot (digte/verspreide) bevolking.

1.2.4 Plat areas met onvrugbare grond bv. Karoo sal lei tot (digte/verspreide) bevolking.

1.2.5 Die beskikbaarheid van minerale bv. goud sal lei tot 'n (digte/verspreide) bevolking.

1.2.6 Droë gebiede bv. woestyne sal lei tot (digte/verspreide) bevolking.


1.2.7 Digte woude bv. die Amasone sal lei tot (digte/verspreide) bevolking.

1.2.8 Areas met n groot konsentrasie van industrieë sal lei tot n (digte/verspreide) bevolking.

(8 x 1) (8)

**[15]**

1.3 Bestudeer die onderstaande skets wat handel oor menslike bevolkingsgroei.



1.3.1 Verduidelik hoe groeikoers(aanwas) bereken word? (1 x 2) (2)

1.3.2 Verwys na FIGUUR 1.3 en bepaal of die bevolkingsgroeikoers tussen **AD** en **1800** bestendig of vinnig gegroei het. (1 x 1) (1)

1.3.3 Verduidelik hoe die geboortesyfer en sterftesyfer tussen AD en 1800, met mekaar vergelyk. (1 x 2) (2)

1.3.4 Word die periode tussen 1800 en 2000 kan beskryf word as 'n tydperk van *bevolkingsgroei* of *bevolkingsontploffing*? (1 x 1) (1)


1.3.5 Verwys na FIGUUR 1.3 en identifiseer die TWEE probleme wat voorkom met die snelle groei in bevolkingsgetalle sedert 1800. (2 x 1) (2)

1.3.6 Bespreek hoe elk van die volgende faktore die bevolking sal vermeerder

- Groei in die wêreldbevolking
- Mediese Fasiliteite
- Sanitasie
- Voedselvoorraad (3 x 2) (6)

**[14]**

1.4 Verwys na FIGUUR 1.4, 'n infografika gebaseer op landelike-stedelike migrasie.



Landelik–stedelike verhouding volgens provinsie

1.4.1 Definieer die term *landelik-stedelike migrasie.* (1 x 2) (2)

1.4.2 Bespreek TWEE probleme wat mense in die landelike gebiede ervaar. (2 x 2) (4)

1.4.3 Verskaf EEN trekfaktor wat mense eerder in stedelike gebiede sal wil laat bly. (1 x 2) (2)

1.4.4 Identifiseer die provinsie in die balkgrafiek met die hoogste landelike en stedelike bevolking. (1 x 1) (1)

1.4.5 Hoeveel mense bly in die stedelike gebiede in die provinsie wat in VRAAG 1.4.4 geidentifiseer is? (1 x 1) (1)

1.4.6 Identifiseer die provinsie waar die aantal mense in landelike en stedelike gebiede die grootste verskil aantoon. (1 x 2) (2)

1.4.7 Verduidelik die groot verskil in die provinsie se landelike en stedelike bevolking deur te verwys na Industrialisasie (meer fabrieke) en die grootte van die oppervlakte waarop geboer kan word. (2 x 2) (4)

**[16]**

1.5 Verwys na die onderstaande LEESSTUK wat oor migrasie handel.

**VLUGTELINGE VLUG VOOR AANVALLE IN SA**

John het Zimbabwe verlaat met die hoop om 'n veilige hawe in Suid-Afrika te vind. Nou vrees hy vir sy lewe. 'Ek het my huis verlaat om my gesin te probeer onderhou. Dit is egter beter om by die huis van honger om te kom as om hier te sterf. 'n Groep mense het hom in Johannesburg aangeval. Hulle het al sy besittings gevat.

1.5.1 Verduidelik die betekenis van die begrip *vlugteling* (1 x 2) (2)

1.5.2 Verwys na die LEESSTUK en bepaal of John as n geforseerde of vrywillige migrant gesien kan word. Gee ‘n bewys uit die leesstuk om jou antwoord te staaf (1 + 1 x 2) (3)

1.5.3 John was moontlik aangeval deur die plaaslike mense wat beskryf kan word as Xenofobie.Verduidelik die term *xenofobie*. (1 x 2) (2)

1.5.4 Bespreek in ‘n paragraaf van ongeveer AGT reëls TWEE moontlike redes waarom Zimbabwiers na Suid-Afrika sal emigreer en TWEE probleme wat hulle moontlik in Suid-Afrika sal ervaar. (4 x 2) (8)

**[15]**

**TOTAAL = 60**